Publication: Volksblad-Daily (Main)
Publication Date: 09 Oct 2018
Page: 1

AVE: 15279.26
Circulation: 13906
Part: 1 of 1



Lefebre Rademan, Kovsies se hulpdoel, is danksy haar puik spel as speler van die wedstryd aangewys.
Foto: VARSITY SPORTS

# Kovsies sou sterf vir sege, sê Burta

Marnus Kok

Die lede van die Kovsies se seëvierende netbalspan het voor Maandag se eindstryd aan mekaar gesê dat 'n oorwinning vir hulle so belangrik is dat hulle hul lewe vir 'n sege sou gee.

So sê 'n verheugde Burta de Kock, afrigter van Kovsies, nadat haar span Tuks met 63-59 in die eindstryd van die Varsitybeker-netbalreeks in Bloemfontein geklop het.

"Ons is ongelooflik bevoorreg; dit is net genade, die meisies was regdeur die wedstryd kalm en ons kombinasies het gewerk," sê De Kock.

Die Kovsies moes spook om hul derde Varsitykroon (naas die eindstrydseges in 2013 en 2014) te wen. Hulle was ná die eerste kwart met 19-15 voor, waarna die Pretorianers stadig maar seker teruggeveg het.

Die Kovsies was egter net te sterk.

"Die spelers in die span is ongelooflik. Dit is spelers wat wil groei en wat elke dag vier tot vyf uur oefen omdat hulle in iets glo.

"Dit is egter nie net die spelers nie. Die Callie (Humansaal, waar die wedstryd beslis is) was stampvol ondersteuners wat in die span glo. Die oorwinning sou ook nie moontlik gewees het sonder die ondersteuning van die universiteit nie," sê De Kock.

Met die begin van die laaste kwart het die tuisspan 'n skrale voorsprong gehad van 42-41, met die Tukkies, die 2017-kampioen, knaend op die aanval.

"Ek het net die spelers aangesê om by die wedstrydplan te hou.

"Ons het die kragspel op die perfekte tyd (laat in die vierde kwart) geneem.

"Ons het twee jaar aan die span gebou. Daar is 19- en 20-jarige 'babas' in die span wat nog 'n paar jaar kan speel. Dit is spelers soos Maryke Coetzee se laaste jaar, terwyl Alicia Puren (die kaptein) verloof is en ook seker gaan aanbeweeg."

Lefebre Rademan, Kovsies se hulpdoel, is danksy haar puik spel as speler van die wedstryd aangewys.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.